Woensdag 24 Junie
Skrifgedeelte: Titus 2:11-13
Fokusgedeelte: Titus 2:11

God se genade bepaal ons optrede ondanks ons plek in die samelewing

Die wêreld meet mense aan hulle status, gesag of invloed, maar in Titus 2 leer ons dat God se genade vir alle mense verskyn het – ongeag hulle plek in die samelewing. Hierdie genade is nie net iets uit die verlede of 'n belofte vir die toekoms nie. Dit werk ook vandag in ons lewe, en dit verander ons optrede.

God se genade voed ons op, sê Paulus. Dit lei ons soos 'n onderwyser: nie met geweld nie, maar geduldig en doelgerig. Dit bring 'n nuwe lewe – een waarin ons afstand doen van goddelose en wêreldse begeertes, en leer om met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug te lewe.

Ons hoop is gevestig op Christus se wederkoms. Hierdie verwagting gee rigting en motivering aan ons lewe. Die Christen kyk terug na die eerste verskyning van Christus, maar leef ook vorentoe – in afwagting op die volle openbaarmaking van sy heerlikheid.

Waarom is hierdie nuwe lewe so belangrik? Omdat ons gedrag die evangelie sigbaar maak. Paulus sê gelowiges moet só lewe dat die leer van God versier word – dat ander nie iets slegs kan sê nie. God se genade red ons, maar stel ons ook in staat om Hom te eer met 'n lewe wat by die evangelie pas.

Laat jou lewe 'n getuienis wees van die genade wat jou gered én gevorm het.

*"Die genade van God … voed ons op …"* (Titus 2:11-12).

*Sing: Psalm 145-1:1, 2, 12*

*Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*